Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

# **Parashah 47:** *Re'eh* (ראה ) Kyk! Sien! Let Op!

*Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor*. Deut. 11:26 – PWL[1]

**Torah**: Deut. 11:26 tot 16:17

**Haftorah:** Jes. 44:11 tot 45:5

**Hernieude Verbond:** 1 Joh. 4:1 tot 6; Matt. 7:15 en 24:11; 2 Pet. 2:1 tot 22; 2 Kor. 5:9 tot 13 en 6:17; Open. 18:4; Jak. 2:15 en 16; 1 Joh. 3:16 tot 18; Heb. 4:1 tot 11; Rom. 2:5 tot 11

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir Parashah 46 wat afgelaai kan word by: Parashah47Notas14 of deur dit aan te vra by kontak@nuwelied.info.

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het (Joh. 1:14). Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee (Joh. 14:6) – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is (Joh. 6:31 en 58). Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!! Ons krag is uit YHVH wat ons waardig gemaak het om bedienaars van die nuwe verbond te wees (2 Kor. 3:5 en 6).

*The Torah itself clearly states in many places that its laws are eternal, never to be abolished. And even the Christians acknowledge that the Jewish Bible is the word of God. If the Torah is eternal and Jesus himself claims to have no intention of abolishing or changing it, why do the Christians [disregard the commandments] ...which are clearly spelled out in the Torah?*
(Pinchas Stolper, *The Real Messiah*).

## Midrash (Torah Bespreking)

### Keuses

*Let op, ek hou julle vandag 'n seën en 'n vloek voor: die seën as julle luister na en die opdragte van יהוה, julle God, wat ek julle vandag beveel, uitvoer en die vloek as julle nie luister na die opdragte van יהוה, julle God en dit nie doen nie, maar wegdraai van die pad wat ek julle vandag beveel, om agter ander gode aan te loop wat julle nie geken het nie.*
Deut. 11:26 tot 28 – PWL.

[1] PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch:

Elke dag van ons lewe stel Vader-God ons voor hierdie keuse! Daagliks het ons die keuse om YHVH se onderrig en instruksies nougeset te volg en sodoende YHVH se seën deelagtig te wees, of om YHVH se onderrig en instruksies te verwerp en dan die gevolge van die vloek (smaad; verfoeiing) in ons lewe te ondervind.

In Deut. 30:15 tot 20 herinner YHVH ons weereens aan die keuse wat ons elke dag het:

*Let op, ek het jou vandag die lewe en voorspoed en die dood en moeilikheid, voorgehou; deurdat ek jou vandag beveel om יהוה, jou God, lief te hê, in Sy paaie te loop, Sy opdragte, reëls en wette te doen sodat jy kan lewe en vermenigvuldig en יהוה, jou God, jou mag seën in die land waarheen jy gaan om dit te besit, maar as jou verstand, wil en emosie wegdraai en jy wil nie gehoorsaam nie, maar word weggetrek en aanbid ander gode en dien hulle, dan verkondig ek vandag aan julle dat julle sekerlik sal omkom. Julle sal nie jul dae verleng in die land waarheen jul oor die Yarden trek, om dit te besit nie. Ek roep die hemel en die aarde vandag as getuies teen julle; dat ek lewe en dood voor julle geplaas het, die seën en die vloek. Kies dus die lewe sodat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur יהוה, jou God, lief te hê, deur Sy stem te gehoorsaam en aan Hom vas te hou, want dit is jou lewe en die lengte van jou dae sodat jy kan woon in die land wat יהוה aan jou vaders Avraham, Yitz'gak en Ya'akov met 'n eed beloof het om dit aan hulle te gee."* (PWL).

Geen mens sal die dood of die vloek kies bo 'n lewe van vrede en voorspoed van gees, siel en liggaam nie! En tog!! Die meerderheid van die wêreldbevolking kies die dood!! Hulle kies nie doelbewus die fisiese dood nie, maar wel kies hulle doelbewus die geestelike dood en derhalwe die vloek. Om YHVH se Torah, en Yeshua wat die Lewende Torah is te verwerp, is om die geestelike dood te kies. Hierdie keuse manifisteer in die fisiese realm as vloeke!

Daarom moet ons verstaan dat wanneer YHVH-God ons die keuse gee tussen die seën (lewe) en die vloek (dood), verwys Hy eerstens na die keuse van geestelike lewe! Alleenlik wanneer ons die keuse maak van die geestelike lewe van wedergeboorte deur vertroue in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias, en waar dit gepaardgaan met gehoorsaamheid aan YHVH se Torah, sal dit in die fisiese realm manifisteer as oorvloed lewe van siel en liggaam.

Opsommend: Geestelike lewe (seëninge) bestaan uit vertroue in Yeshua as Messias en gehoorsaamheid aan YHVH se Torah! Geestelike dood (vloeke) is waar een of beide van genoemde vereistes ontbreek!

Dit is in die lig hiervan wat Yeshua se woorde in Joh. 10:10 verstaan moet word:

*Die dief kom nie, as net om te steel, dood te maak en te vernietig. Ek het gekom dat hulle lewe kan hê en watter oorvloed daar ook al vir hulle is.*

Die dief (Satan) het 'wettige' reg om te steel, dood te maak en te vernietig wanneer ons geestelike dood kies! Elkeen wat geestelike dood kies, gee vir Satan 'toestemming' om te kom steel, dood te maak en te vernietig. Dit is nie YHVH se wil vir jou nie, maar jou wil vir jouself! Moenie Satan of YHVH die skuld gee nie!

Die apostel Jakobus gee ons die 'wenresep' hoe om Satan te weerstaan:

*Wees dan gehoorsaam aan God en staan op teen die teëstander en hy sal van julle af wegvlug. Kom nader na God toe en Hy sal nader kom na julle toe. Sondaars, reinig julle hande; twyfelaars, sonder julle gedagtes, wil en emosies af! Wees nederig, treur en huil. Laat*

*julle gelag in rou verander word en julle blydskap in droefheid. Wees nederig voor* יהוה *en Hy sal julle oplig.* Jak. 4:7 tot 10 – PWL.

Eerstens is die volgorde belangrik, naamlik: Gehoorsaam eers vir YHVH – onderwerp jou aan Hom – en dan weerstaan jy Satan! En soos reeds genoem, is gehoorsaamheid aan Torah die logiese gevolg van vertroue in Yeshua as die Messias tot sondevergifnis. Tweedens is ons gesindheid belangrik, naamlik: Nader tot God in nederigheid met rein hande en harte wat getuig van opregte berou oor sonde!

Ons hele geloofslewe, vanaf die dag van wedergeboorte, bestaan uit keuses – die keuse tussen die seën en die vloek – tussen die ewige lewe en die ewige dood! Kies met wysheid!! Die Almagtige eerbiedig elkeen se keuse!!

*Julle moet* יהוה*, julle God, volg, Hom respekvol vrees, Sy opdragte hou, Sy stem gehoorsaam, Hom dien en aan Hom vashou.* Deut. 13:4 – PWL.

YHVH gaan ons beproef deur situasies waar ons die keuse sal moet maak of ons Hom lief genoeg het om Hom te volg, respekvol te vrees, Sy opdragte te hou, Sy stem te gehoorsaam, Hom te dien en aan Hom vas te hou. Paulus bevestig dit in sy brief aan Timotheus:

*Let op jouself, dat jy jouself volmaak voor God aanbied, as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die boodskap van die waarheid reguit verkondig* (2 Tim. 2:15 – PWL).

Om jou volmaak voor God aan te bied, beteken dat jou liefde vir Vader-God beproef (getoets) is en dat jy geskik bevind is om die boodskap van die waarheid reguit te verkondig, of om dit reg te sny, naamlik om die Woord reg te verstaan, te verduidelik en in jou lewe toe te pas.

**Bepeins of Bespreek**

1. Is die volgende stelling waar? Beide die Christendom en Rabbynse Judaïsme het geestelike dood gekies! Die een het Yeshua sonder Torah gekies en die ander een Torah sonder Yeshua!

2. Is wedergeboorte wat 'n Torah-**ongehoorsame** lewe (vry van die wet) tot gevolg het 'n *miskraam* of *'n gestremde kind*? Dit gebeur meestal dat die 'sondaarsgebed' tot redding gebid word, maar dat daar nooit lering gegee word oor wat sonde is nie! Sonde is om te faal in jou verhouding met YHVH, want jy het verkeerde keuses gemaak en Torah oortree (1 Joh. 3:4). Die doel van Torah is ondermeer om ons te leer hoe ons verhouding met Vader-God en ons medemens moet wees, sodat ons die regte keuses kan maak. Torah leer ons hoe om tussen seëninge en vloeke (oordele) te onderskei sodat ons die regte keuse kan maak.

3. Aansluitend hierby is die vraag: *Beteken Torah-ongehoorsaamheid dat jy jou redding kwyt kan wees?* Wat van eenkeer gered, altyd gered? Vergelyk wat Paulus skryf in 2 Kor. 1:21 en 22; Efes. 1:13 en 14, Efes. 2:8 en 9 en Kol. 2:13 en 14 met dit wat Jakobus in sy brief (Jak. 2:14 tot 26) skryf. Is die basis van ons redding geloof sonder werke of geloof met werke? Is die antwoord nie in wat die definisie van geloof tot redding is nie, naamlik vertroue in Yeshua en getrouheid aan Torah?

4. Indien ons na Israel se geskiedenis kyk sedert Yeshua se hemelvaart dan moet ons die volgende vra: Is hulle verwerping van Yeshua nie die rede vir hulle smaad en verfoeiing deur al die eeue nie? Het Israel die vloek (dood) gekies toe hulle Yeshua verwerp het?

Hoe sou Israel se geskeidenis verloop het indien hulle (die meerderheid geestelike leiers en bevolking) Yeshua aanvaar het as die Messias?

## YHVH se Vasgestelde Tye

In Deut. 16:1 tot 17 herinner Moses weereens die volk aan die Vasgestelde Tye (die feestye) van YHVH. Die Vasgestelde Tye van YHVH is egter reeds meer volledig in parashah 31 (*Emor*) bespreek.

Ons het elkeen die keuse of ons die jaarlikse afsprake wat Vader-God met ons het gaan nakom en of ons dit verwerp omrede geglo word dat dit uitgedien is. Hierdie is deel van die keuse tussen die seën en die vloek.

Aangesien Moses egter in hierdie week se parashah Israel herinner aan die Vasgestelde Tye van YHVH, is dit ook gepas dat ons ook hieraan herinner moet word. Dit is veral belangrik in die lig van die naderende derde feesseisoen van *Sukkot*. Laat ons dan kortliks hersiening doen van hierdie jaarlikse afsprake wat Vader-God met Sy kinders het:

Die Vasgestelde Tye van YHVH word in drie feesseisoene verdeel, naamlik:

- *Pesag* wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik: Paasfees (Pasga), Fees van Ongesuurde Brode en die Fees van die Eerstelingsgerf (Eerstelinge).

- *Shavuot* ook bekend as Pinksterfees (Fees van Weke).

- *Sukkot* ook bekend as die Loofhuttefees wat bestaan uit drie opeenvolgende feeste, naamlik die Fees van Trompette (*Yom Teruah* en ook volgens Rabbynse Judaïsme bekend as *Rosh Hashanah*), Die Dag van Versoening (*Yom Kippur)* en die Fees van Tabernakels (*Sukkot*). Die Agste Dag (*Sh'meni Atzeret*) volg direk na die laaste dag van Sukkot en word as deel van die laaste feesseisoen beskou.

Hierdie afsprake (Feestye; Vasgestelde Tye; Hebreeus: *mo'edim*) op YHVH se kalender is afgesonderde (heilige vierdae; Hebreeus: *miqra'ot*) wat in alle geslagte gedenk moet word.

Elk van die sewe Vasgestelde Tye, asook die Agste Dag, is `n profetiese afbeelding van YHVH se totale reddings- en herstelplan; 'n Plan wat reeds van die begin af bestaan het (Ef. 1:3 tot 11). Hierdie Vasgestelde Tye is `n afbeelding van dit wat reeds gebeur het, dit wat tans gebeur en dit wat nog gaan gebeur in YHVH se plan om die verhouding tussen Hom en die mens te herstel tot soos dit was voor die sondeval (Kol. 2:16 en 17 en Heb. 8:5). Elk van hierdie Vasgestelde Tye is `n afbeelding en verteenwoordigend van `n stap in YHVH se reddingsplan en die herstel van Sy skepping.

Die laaste seisoen van Vasgestelde Tye, naamlik die Fees van Trompette, die Dag van Versoening en die Fees van Tabernakels is `n heenwysing na Yeshua se wederkoms. Daarom is hierdie laaste feesseisoen van so groot belang en moet ons die betekenis daarvan verstaan. Hierdie laaste drie Vasgestelde Tye staan gesamentlik bekend as die Loofhuttefees (*Sukkot*). Dit begin met die Fees van Trompette, gevolg deur die Dag van Versoening en laastens die Fees van Tabernakels. Dit is 'n heenwysing en afbeelding van eindtyd gebeure en van die wederkoms van ons Messias. Dit is 'n kleedrepitisie vir die afspraak wat YHVH die Almagtige nie net met Sy volk het nie, maar ook met die mensdom.

**Teshuvah – Die Dae Van Terugkeer**

YHVH se laaste afsprake in die jaarlikse siklus van Vasgestelde Tye word vooraf gegaan deur ‘n tradisonele tydperk bekend as *Teshuvah*.

Aangesien daar geen duidelike opdrag in die Skrifte vir *Teshuvah* te vinde is nie, is daar meningsverskil oor die ontstaan daarvan. Dit is egter ‘n tradisie wat reeds vir eeue gevolg word. Omrede terugkeer met berou na die weë van die Vader ook sentraal staan vir elke gelowige in Yeshua, word die tradisie van *Teshuvah* ook meestal gevolg. Daar is ook genoegsame getuienis wat daarop dui dat Yeshua se doop (*mikvah*) en sy veertig dae in die woestyn waarskynlik alles gedurende die tydperk van *Teshuvah* plaasgevind het.

Die aanvang van *Teshuvah* is altyd op die eerste dag van die maand Elul en eindig op die Dag van Versoening (*Yom Kippur*) – ‘n tydperk van 40 dae. Die tien dae tussen *Yom Teruah* (Fees van Trompette) en *Yom Kippur* (Dag van Versoening) staan bekend as die *Dae van Ontsag* (*Days of Awe*).

*Teshuvah* beteken *terugkeer*. Dit is om met berou en verootmoediging terug te keer nadat selfondersoek gedoen is van die mate van Torah-gehoorsaamheid. *Teshuavah* is om terug te keer na die antieke paaie wat die goeie weg is (Jer. 6:16).

*So sê* יהוה*: “Staan langs die pad en kyk en vra na die ou paaie, waar die goeie pad is en loop daarin en julle sal rus vind vir julle lewe, maar hulle het gesê: ‘Ons sal nie daarin loop nie.*
(PWL)

Ons leef in die seisoen waar profesie oor eindtydgebeure voor ons oë bewaarheid word. Die derde, en die laaste feesseisoen in YHVH se jaarlikse siklus van afsprake met sy kinders is heenwysings en afbeeldings wat deel uitmaak van hierdie eindtydgebeure. Daarom is dit noodsaaklik dat gelowiges die profetiese betekenis van hierdie laaste afsprake met YHVH moet gedenk en verstaan! ’n Studie oor die Feestye van YHVH kan afgelaai word deur op die volgende skakel te kliek: http://nuwelied.info/?cat=1

Hierdie jaar van 2015, volgens die Gregoriese kalender, vind die laaste drie Vasgestelde Tye van YHVH in September plaas. Nou is dit baie interessant om te let op die groot aantal gebeurtenisse wat met eindtydgebeure verband hou en wat gedurende September gaan plaasvind.

Voorheen kon die tempo van eindtydgebeure vergelyk word met ‘n marathon – alles het teen ‘n marathonpas gebeur! In 2015 kan eindtydgebeure egter vergelyk word met ‘n 100 meter wedloop – hardloop volspoed na die eindpunt! Die “Eindpunt” is ‘n Een-Wêreldorde van politiek (militêr), ekonomie en godsdiens!! In haar artikel: “Elohim’s Alarm Clock Has Begun to Sound!”, skryf Yedidah die volgende:

*Whether it’s 5 minutes till midnight, 4 minutes, 3 minutes, 2 minutes, or 1 minute, the Word of God has given us many clues as to when the alarm will begin to sound – letting us know what time it is on His clock. Once the alarm begins, it will keep sounding until Messiah comes to shut it off.* ( http://www.comeenterthemikvah.com/search-articles/)

Prophecy News Headlines van 30 Junie 2015, som dit soos volg op:

*We have reached a point in time where the world sits and waits for the proverbial "other shoe to drop." Something big is going to happen soon. Christians sense it. Students of Bible prophecy can feel it in their bones. Even the unsaved world senses that something ominous is heading our way. We live in the most dangerous time in world history. What's going to happen in the next year or so? Will there be a war in the Middle East around the Blood Moon timeframe? A global financial collapse on the next Shemitah? A nuclear tragedy? Another terrorist catastrophe?*

In 'n artikel skryf Michael Snyder die volgende:

*Do you also have the feeling that something really big is coming? Recently, there has been quite a bit of chatter on the Internet about what the second half of 2015 will bring. But in addition to all of the things that we can point to outwardly, a lot of very prominent individuals are also really feeling an inner "urgency" regarding what is about to happen to this country.*
*http://www.prophecynewswatch.com/2015/June30/301.html#LZl1jowcX5d8ZsxL.99*

Daar is 'n baie lang lys van gebeure wat veral gedurende September, maar ook gedurende Oktober, as verwant met eindtydgebeure beskou kan word. Hierdie gebeure is nie net op politieke, militêre, ekonomiese en godsdienstige gebied nie, maar selfs op wetenskaplike gebied soos die navorsingsprojek van CERN in Switserland. So getuig die tekens in die hemelruim en in die natuur van gebeure wat in tempo en omvang toeneem en ons almal se lewens reeds beïnvloed en nog meer gaan beïnvloed.

Die doel is nie om al hierdie gebeure hier te bespreek nie. Ek wil elkeen aanmoedig om self meer hiervan te wete te kom en deur die Afgesonderde Gees gelei te word oor die betekenis van al hierdie gebeure. My mening is dat alles nie 'n toevalligheid kan wees nie, veral gesien in die lig van hoeveel van hierdie gebeure ooreenstem met YHVH se kalender en vasgestelde tye!! Maar soos vele ander wil ek nie waag om enige voorspellings of gevolgtrekkings te maak nie!

In die lig hiervan kan die volgende vrae egter wel gevra word:

- Gaan hierdie gebeure se invloed slegs tot die fisieserealm (sigbare) beperk wees of gaan daar ook in die geestesrealm sekere veranderinge plaasvind?

- Moet ons nie hierdie jaar se veertig dae van *Teshuva* met groter erns as enige ander jaar benader nie?

- Gaan dit die begin van YHVH se oordeel wees?

- Ons weet dat YHVH altyd in siklusse werk. In September is dit die einde van die huidige Shabbatjaar en die begin van die Jubeljaar. Is ons aan die begin van die laaste sewejaar siklus?

Die volgende video word aanbeveel, want dit gee 'n gebalanseerde siening oor baie van hierdie gebeure: http://mypft.com/september-twenty-third-the-convergence/

Ek heg ook 'n artikel van Yedidah aan wat die moeite werd is om te lees.

September is op hande en ons sal wel binnekort weet of al hierdie dinge, en of slegs sommige, waar gaan word. Tyd sal leer!! Maar laat ons te midde van alles, en ongeag wat ook al gebeur, altyd onthou:

Things aren't falling apart – they are falling into place.
Kyk op, jou verlossing is naby !!

**Bepeins of Bespreek**

1. Ons is die bruid van Yeshua en hierdie verhouding kan met die tradisionele Joodse huwelik vergelyk word. Volgens Joodse gebruik keer die bruidegom na die verlowing eers terug na sy vader se huis om ‘n bruidskamer vir sy bruid te bou. Eers na voltooiing en goedkeuring deur die vader, sal die bruidegom sy bruid in die nag gaan haal. Hy kondig sy koms ook deur basuingeklank aan. Maar van die presiese dag en die uur weet sy bruid nie, maar sy moet te alle tye haar gereed hou met ‘n oilelamp wat in haar venster brand as teken van haar gereedheid.

2. Yeshua het ook gegaan om vir ons, Sy bruid, ‘n plek voor te berei (Joh. 14:2). Hy sal ons ook kom haal, maar van die presiese dag en uur weet niemand nie (Matt. 24:36). Die bruid moet haar egter te alle tye gereed hou vir die koms van die Bruidegom. Die Bruidegom sal Sy aankoms met die blaas van ‘n ramshoring (shofar) aankondig (1 Kor. 15:51). Dit is die teken vir die bruid dat die uur van haar huwelik aangebreek het. Hy kom haal Sy bruid soos ‘n dief in die nag (1 Thess. 5:2; 2 Pet. 3:10).

   Die vraag is nou:

   - Verwag die Bruidegom (Yeshua) van Sy bruid om ‘n tydperk van verdrukking en vervolging deur te gaan alvorens Hy haar gaan kom haal? Indien sy haar voorberei het en ‘n rein en vlekkelose bruid is, sal Hy haar dan nie kom haal voor die Groot Verdrukking nie?

   - Ons moet egter ook besef dat die getrouheid van die bruid getoets gaan word deur beproewinge. Tot watter mate sal die Bruidegom toelaat dat Sy bruid se getrouheid beproef word? Moet ons nie almal deur YHVH se vuur ook gelouter word nie? Gaan ons nie almal deur die Groot Verdrukking getoets word nie?

-o-o-o-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is* (Hand. 17:11).

Shalomgroete.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*